# SONDAGSKOOL LES: Verstaan jou Bybel – Afdelings van die Ou Testament – Die Geskiedenis boeke

**Doel van les:**

- Ons kyk vandag kortliks na die Geskiedenis boeke in die Ou Testament net om bietjie beter te verstaan waaroor dit gaan. Hierdie les is aangepas uit Ministry to Children.com.

**Ysbreker: Boek ordes:** Gee vir elke groep 'n Ou Testament en Nuwe Testament kaart. Vandag kry die groepe nog vyf boeke in die Ou Testament en vyf boeke in die Nuwe Testament by. Hulle moet nou die boeke onder die twee kaarte in die regte volorde rangskik. Ons gaan elke week die speletjie speel, en boeke byvoeg totdat hulle al die boeke in die Bybel gekry het om te rangskik.

Verlede week het ons stilgestaan by die Wet boeke. Vandag gaan ons kortliks na die Geskiedenis boeke kyk.

Die tweede afdeling in die Ou Testament is die geskiedenis boeke. Na 40 jaar se rond trek deur die woestyn en Moses se dood, het God begin om die Israeliete oor die Jordaanrivier te laat trek en onder leierskap van Josua het hulle die beloofde land ingetrek. Die boeke vertel van hulle lewe in Kanaan. Dit was nie maklik nie, aangesien hulle tussen nasies geleef het wat baie bygelowe en heidense gebruike gehad het wat heeltemal teen God se bevele was. Ongelukkig het hulle daardie nasies se afgode begin aanbid.

Daar is 12 boeke in die Geskiedenis afdeling. Josua, Rigters en Rut vertel die vroeë geskiedenis van die Jode, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings en 1 en 2 Kronieke dek omtrent 500 jaar wat eindig met die Israeliete se ballingskap. Die laaste 3 boeke , Esra, Nehemia en Ester gaan oor hulle lewe in ballingskap, vrylating uit ballingskap en die herstel van Jerusalem.

**Groepwerk:** Gee vir elke groep die uitdeelstukke oor die Geskiedenis boeke. Gee kans dat hulle die uitdeelstukke voltooi.

Kry terugvoering van groepe nadat als voltooi is.

Sluit af met gebed in groepe.

# GESKIEDENIS TYDLYN:

Gebruik die name hieronder op die gepaste plekke op die tydlyn: (VC beteken voor Christus).

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Josua** | **Esra** | **Salomo** | **Gideon** | **Simson** |
| **Saul** | **Dawid** | **Deborah** | **Samuel** | **Nehemia** |

1.
O

**mtrent 1400 V.C.** Na Moses se dood het ____________________ leier van die

Israeliete geword. Hy het hulle gelei om die land in te neem wat God hulle beloof het.

2. **Omtrent 1300-1100 V.C.** Later het God die volk leiers gegee wat Rigters genoem is. Van

hulle was ___________________, _____________________ en ____________________.

3. **Omtrent 1100 – 1000 V.C.** _______________________ was besig om die mense te lei,

maar hulle wou 'n koning hê. Die eerste drie konings was ____________________,

____________________ en ______________________.

4. **Omtrent 900-600 V. C.** Israel het in twee koninkryke verdeel – Juda en Israel. Albei het vele konings gehad. Party konings het God gelukkig gemaak, en baie het God ongelukkig gemaak.

5. **Omtrent 700-600 V. C.** Die mense was so ongehoorsaam aan God, dat Hy toegelaat het dat hulle slawe word in ander lande.

6. **Omtrent 500-400 V. C.** God het Sy mense later gehelp om huistoe te gaan.

_______________________ het die mense geleer van God se wette, en

_______________________ het die mense gelei om die mure in Jerusalem te herbou.

**Stap rondom Jerigo wiskundesom**

God het Josua beveel om die mense om die stad Jerigo te laat stap.  Vir ses dae het hulle een maal elke dag rondom die stad gestap.  Op die sewende dag het hulle sewe maal om die stad gestap.  Hoeveel maal het hulle in totaal rondom Jerigo gestap?

Die sewende maal het hulle die trompette geblaas en geskree.  Die mure van die stad het omgeval.

## Vroue in die Bybel

Twee boeke in die Bybel is vernoem na vrouens.  Skommel die letters om hulle name te kry. Hier is leidrade wat dalk mag help.

Sy het geweier om haar skoonma, Naomi, alleen te laat nadat hul albei se mans oorlede is. – urt

Sy het in 'n ander land geleef, terwyl Esra, Nehemia en ander teruggekeer het Israel toe.  Sy het koningin van Persië geraak en was in staat om te voorkom dat haar mense, die Jode, uitgeroei word. – trees

# Konings of Profete:

**Lees: 1 Konings 11:26 tot 12:19 om te leer hoe Israel en Juda verdeel het.**

1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings en 1 en 2 Kronieke vertel ons van die konings van Israel en Juda.

**Wie was konings en wie was profete gewees? Skryf langs elke naam of julle dink dit 'n koning of 'n profeet was.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Abia** | | **Joël** | |
| **Amos** | | **Jona** | |
| **Asa** | | **Josafat** | |
| **Baesa** | | **Manassa** | |
| **Dawid** | | **Miga** | |
| **Elia** | | **Nadab** | |
| **Elisa** | | **Nahum** | |
| **Esegiël** | | **Natan** | |
| **Hiskia** | | **Rehabeam** | |
| **Jeremai** | | **Salomo** | |
| **Jerobeam** | | **Samuel** | |
| **Jesaja** | | **Saul** | |

## Antwoorde:

## GESKIEDENIS TYDLYN:

**Omtrent 1400 V.C.** Na Moses se dood het **Josua** leier geword van die Israeliete. Hy het hulle gelei om die land in te neem wat God hulle beloof het.

**Omtrent 1300-1100 V.C.** Later het God die volk leiers gegee wat Rigters genoem is. Van hulle was **Deborah, Gideon** en **Simson**.

**Omtrent 1100 – 1000 V. C. Samuel** was besig om die mense te lei, maar hulle wou 'n koning hê. Die eerste drie konings was **Saul**, **Dawid** en **Salomo.**

**Omtrent 900-600 V. C.** Die land Israel het in twee lande verdeel – Juda en Israel.

Hulle het nog vele konings gehad. Party konings het God gelukkig gemaak, en baie het God ongelukkig gemaak.

**Omtrent 700-600 V. C.** Die mense was so ongehoorsaam teenoor God dat Hy toegelaat het dat hulle slawe word in ander lande.

**Omtrent 500-400 V. C.** Later het God die mense gehelp om huistoe te kom. Esra het die mense geleer van God se wette, en Nehemia het die mense gelei om die mure te herbou in Jerusalem.

- **Stap rondom Jerigo wiskundesom - antwoord – 13 maal**

- **Vroue in die Bybel - antwoord – Rut, Ester**

# KONINGS OF PROFETE:

| **Konings** | **Profete** |
|---|---|
| Saul | Jona |
| Dawid | Jeremia |
| Salomo | Jesaja |
| Rehabeam | Elia |
| Jerobeam | Elisa |
| Abia | Joël |
| Nadab | Samuel |
| Asa | Esegiël |
| Baesa | Amos |
| Josafat | Miga |
| Manassa | Natan |
| Hiskia | Nahum |

**BOEKE VAN DIE BYBEL SPELETJIE:**

| OU TESTAMENT |
|---|

| NUWE TESTAMENT |
|---|

| | |
|---|---|
| Genesis | Eksodus |
| Levitikus | Numeri |
| Deuteronomium | Josua |
| Rigters | Rut |
| 1 Samuel | 2 Samuel |
| Matteus | Markus |

Lukas

Johannes

Handelinge

Romeine

1 Korintiërs

2 Korintiërs

Galasiërs

Efesiërs